# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. JL Schütte
direkteur@apk.co.za

21 Februarie 2022

## OMSENDBRIEF 03/2022

## BYDRAE GEVRA VIR PERSOONSONTWIKKELINGSPROGRAM

**Aan alle leraars en voorsitters van kerkrade**

Geagte broeders

Die Kuratorium het met dank kennis geneem van die deeglike akademiese opleiding wat ons teologiese studente aan die AP Akademie ontvang. Ons is egter ook bewus van die druk van die bediening en dat uitbranding soms skade doen aan ons leraars se emosionele welstand. Dit beïnvloed uiteindelik die volgehoue bediening van gemeentes.

Ons het ook met vreugde kennis geneem van die opwindende leiding van ŉ AP Kerk lidmaat, sr. Susan Grobler, wat ŉ persoonsonwikkelingsprogram vir ons studente aanbied. Dit behels klasse en werkswinkels wat aan die studente die toerusting gee om die persoonlike uitdagings van die bediening beter te kan hanteer.

Dit vereis egter addisionele fondse wat nie uit die gewone klasgelde en die akademiese begroting verhaal kan word nie. Derhalwe het ons u hulp nodig om ons studente te kan help. Sou u gemeente en/of lidmate vir hierdie belangrike saak, wat die toekoms van ons kerkverband raak, ŉ finansiële bydrae kan maak deur byvoorbeeld ŉ deurkollekte te hou of op welke ander wyse, sal dit hoog op prys gestel word. Ons beskou dit as ŉ belegging in ons studente en kerkverband.

Hartlike dank vir u ondersteuning en voortdurende gebede vir ons geliefde kerk se teologiese studente en dosente.

Ds. Petrus Janse van Rensburg
Nms. Kuratorium.



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 🖷 (012) 362-2023